IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A

SAAKNOMMER: CC 482/85 PRETORIA

1987-11-13

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 316

(Bladsye 18 090 - 18 125)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 13 NOVEMBER 1987.

MR BIZOS : My Lord, accused no. 1 is absent by Your Lordship's leave this morning. With the consent of the investigating officer, Captain Botes, subject to Your Lordship's leave, could accused no. 2 be given - sorry, accused no. 10, Mr Vilakazi, be given leave to go to the Vaal. There has been an unfortunate event in the family.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Lubbe Recordings/Pta/MCL

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

PRETORIA

1987-11-13

THE STATE

versus

PATRICK MABUYA BALEKA AND 21 OTHERS

---

## AMENDMENT IN RESPECT OF BAIL CONDITIONS

VAN DIJKHORST, J.: The following amendment is ordered in respect of the bail conditions of accused no. 10, Bavumile Herbert Vilakazi. He is granted permission to visit the Vaal for the period, 13, 14 and 15 November 1987, subject to the following conditions :

1. He departs to the Vaal on 13 November 1987 after the court sitting and reports at Sebokeng police station on his arrival in the Vaal on the same day and thereafter between 06h00 and 09h00 on 14 November 1987; between 18h00 and 21h00 on the same day; between 06h00 and 09h00 on 15 November 1987 and again immediately before his departure from the Vaal on the same day.
2. He reports at Jeppe police station as usual between 18h00 and 21h00 on 15 November 1987.
3. During his visit to the Vaal he limits his movements to House 552041 Zone 3 Residensia, the house of Mr Sam

Vilakazi/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Vilakazi in Vergenoeg Sharpeville, the Evaton Cemetery and his reports to the Sebokeng police station.

4. He does not enter the residential areas of Boipatong or Bophelong during the abovementioned period.

5. All other conditions of bail stand and are strictly to be adhered to.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

(AMENDMENT IN RESPECT OF BAIL CONDITIONS)

(Pages 18 091 to 18 092 sent for revision)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

NOZIPHO GLADYS MJEZA, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. JACOBS : U Edele, voordat my geleerde vriend aangaan met die kruisondervraging. Die hof het gesê ek moet vanoggend ŉ aanduiding gee van wanneer die Staat gereed gaan wees om die papiere wat die Staat wil voorlê in verband met die borg-aansoek van beskuldigdes nrs. 19, 20 en 21 aan die hof voor te lê. Ek het dit bespreek, ek het die opdrag om dit te behandel aan mnr. Fick oorgedra en daar is aspekte wat nagegaan moet word, wat blykbaar op ŉ redelike wye basis is. Daar is ŉ naweek voor wanneer baie van hierdie veiligheidskantore toe gaan wees, dat ons ongelukkig nie kan nie en onder die omstandighede wil ons vra dat die hof ons verlof gee tot volgende Vrydag toe.

MR BIZOS : We are not clear to what the State really wants to do. I cannot really object to the proposal. We do hope, if we get it early on Friday next week, so that we can the weekend to work on any reply, so that we can have the papers ready very early during the week commencing the 23rd.

MNR. JACOBS : Ek kan miskien sê, ek sal onderneem, as ons dit voor die tyd klaar kry, ons probeer ons bes om dit te doen, om dit beskikbaar te stel en as die vroeër gereed is by die hof in te handig.

HOF : Wel, ons maak dan die reëling dat u perktyd is 10h00 Vrydagoggend.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Ons is besig met die vergadering van 19 Augustus 1984. -- Ja.

Wie was die ander persone wat by beskuldigde nr. 3 se huis was voordat julle na die kerk vertrek het? -- Daar was wel ander mense gewees in die huis van beskuldigde nr. 3 met ons aankoms daar, maar in die sitkamer waar ons was, het

ons/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ons die volgende persone gevind. Lazarus More en twee dames en mnr. Manthata wat homself daar voorgestel het en ek en Peter Hlubi was die ander persone. Terwyl ons daar gesit het, het 'n persoon wat hom voorgestel het as Oupa Hlomoka, toe daar aangekom.

Is dit al? -- Dit is die persone wat ek kan onthou.

Is dit die eerste keer wat u beskuldigde nr. 2, Hlomoka, gesien het? -- Ja, dit was die eerste keer dat ek hom gesien het, dat ek hom leer ken het.

Het u geweet of hy aan enige organisasie verbonde was op daardie stadium? -- Hy het homself voorgestel as Oupa Hlomoka.

HOF : Dus u antwoord is nee, u het nie geweet nie? -- Ja, dit is so.

MNR. HANEKOM : Wat het beskuldigde nr. 2 gesê wat kom maak hy daar? -- Hy het nie gesê wat hy daar kom doen het nie. Hy het net daar ingekom, ons gegroet en homself voorgestel.

Het beskuldigde nr. 3 op 'n stadium vir u en vir Peter Hlubi eenkant geroep en met julle eenkant gestaan en gesels? -- Soos ek alreeds gesê het, Moselane, toe hy daar gekom het, het hy net gevra "Het julle mekaar geken?" dit beteken "Het julle mekaar voorgestel?" Onmiddellik daarna is ons toe weg.

Dit beteken hy het julle nie eenkant geroep nie? -- Nee, ek onthou nie dat dit so gebeur het nie.

Wie was die twee dames wat saam met beskuldigde nr. 16 daar was? -- Ek het net vergeet wat die name van die dames is, want hulle het hulleself voorgestel.

Wat het van hulle geword toe julle na die kerk toe stap? -- Toe ons uit is op pad na die kerk toe, het ek nie gesien wat van hulle geword het nie.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is hulle saam met julle uit die huis uit? -- As ek reg onthou, ŉ rukkie na hulle uit is, het ons toe uitgegaan.

Die voertuig wat u buitekant die huis gesien het op pad na die kerk toe, het u gesien wie die bestuurder van die voertuig is of die voertuie? -- Ja, ek het gesien wie die bestuurder was van die een voertuig wat aan my bekend was. Dit is die een wat beige is in kleur. Ek weet wie die bestuurder was van daardie voertuig.

Kon u die bestuurder sien? -- Ja, ek kon die bestuurder sien, alhoewel hy ŉ entjie ver was. Ek kon nogtans die persoon sien.

Was die voertuig se ruite nie getint nie? -- Dit was gewees.

Hoe kon u dan sien wie het die voertuig bestuur? -- Al is die venster sô donker en ŉ voertuig gaan by jou verby op ŉ kort distansie, veral as dit bestuur word deur ŉ persoon wat jy ken, sal jy in staat wees om daardie persoon te kan herken.

Nou verstaan ek nie. U het eers gesê die voertuig was ŉ entjie weg. Nou sê u dat hy naby was. Het u die bestuurder gesien of het u hom nie gesien nie? -- Daar is nie ŉ sypaadjie by die straat waar ons geloop het nie. Die voertuie was in die middel van die straat en ons was meer na die kant van die straat toe. Dit wil sê die distansie is vanaf die middel van die straat na die kant van die straat toe waar ek die persoon herken het.

Met ander woorde, dit was nie ver van u af soos wat u aanvanklik gesê het nie? -- Ja, dit is reg, dit was nie ver gewees nie, want hierdie voertuig, met die eerste verskyning was dit ŉ entjie ver, maar dit moes nog by my verby kom,

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit wil sê nader kom.

Het u vir enige van die mense in u geselskap gesê u weet wie die persoon is wat die voertuig bestuur? -- Nee, ek het nie vir hulle gesê van die bestuurder van die voertuig nie.

Die rigting waarin die voertuie gery het, is dit nie in die rigting na die Sharpeville polisiestasie toe nie? -- Nee, dit is nie so nie. Die voertuie het nie in die rigting van die polisiestasie gery nie.

In watter rigting het hulle dan gegaan? -- Toe ek hierdie voertuie gewaar het, het dit gery in die straat tussen die kerk van eerwaarde Moselane en die huise aan die ander kant. Byvoorbeeld as die kerk aan die linkerkant is, aan die regterkant van die straat waar die voertuie gery het, is die privaat huise, maar toe die voertuie by die hoek kom van die straat, het die voertuie regs gedraai in die rigting van eerwaarde Moselane se woning.

Waarom het u die opmerking daar gemaak, soos u gesê "Look out, here they are. They are present"? Waarom het u dit gesê? -- Onmiddellik toe ek die bestuurder van hierdie bekende voertuig herken het as die polisieman wat my al genader het dat ek inligting aan hom moet verskaf oor dinge wat plaasvind by die vergadering, het ek onmiddellik toe gedink dat hulle nou daar was om die vergadering by te woon, met die oog daarop om die inligting te versamel wat hy vroeër van my gevra het. Dit is die rede dat ek melding aan hulle daarvan gemaak het.

Was u bang daarvoor dat hy die inligting sou kom kry op die vergadering? -- Kan u die vraag herhaal?

Was u bekommerd oor die feit dat hy die inligting op

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die vergadering sou kom inwin, soos u sê? -- Nee, die vergadering was oop vir enige persoon om dit by te woon. Dus het dit nie in my gedagte gekom dat ek kan bang word nie.

Waarom het u dan die ander mense se aandag daarop gevestig dat die polisie daar is? -- Soos ek nou net gesê het, ek het dit genoem, want dit is mense wat belang gestel het om te weet wat maak ons by die vergaderings. Hier is die mense nou wat belangstel. Dalk kom hulle ook na die vergadering toe.

Is dit nie so dat u die mense wou waarsku teen die polisie nie? Is dit nie hoekom u gesê het "Look out!" "Hulle is hier" nie? -- Nee, dit was nie die rede gewees nie.

Hoekom het u gedink die polisiemanne gaan die vergadering bywoon? Hulle het dan weggery van die kerk af? -- ŉ Voertuig wat verbygaan sal altyd vinnig verbygaan soos ŉ voertuig en nie op hierdie manier beweeg wat hulle beweeg het dat hulle stadig beweeg asof hulle gaan stilhou onmiddellik nie. Ek het dus die indruk gekry dat die mense moontlik gaan stilhou, uitklim en dan na die vergadering toe kom.

Het hulle stilgehou? -- Ek het nie opgelet of hulle ooit op ŉ stadium stilgehou het nie, want toe ons nou met hulle daar gekruis het, het ons om die hoek gegaan. Dus wat agter my plaasgevind het, het ek nie gesien nie.

Het enigiemand in u geselskap na die feit verwys dat die vergadering se verrigtinge dalk opgeneem kan word? -- Daar was wel ŉ opmerking gemaak, maar nie presies soos dit nou aan my gestel word nie.

Wie het die opmerking gemaak en wat was die opmerking? -- As ek reg is, Oupa Hlomoka het gesê "Moenie bekommerd wees nie, dit is die werk van hulle. By hierdie tipe

vergaderings/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergaderings waar die mense gaan praat oor die griewe, luister hulle na hierdie vergaderings, want die mense se voertuie het seker apparate wat hulle mee kan luister na wat gebeur in 'n vergadering.

Het enigiemand anders daarop gereageer in die geselskap? -- As daar enige ander persoon was wat daar gereageer het, kan ek dit nie op die huidige oomblik onthou nie.

U sien, beskuldigde nr. 16 het getuig dat hy gesê het "Wel, 'n mens moet maar verwag dat hulle die vergadering sal kom opneem." -- Ek stry nie, ek betwis nie sy getuienis in daardie opsig nie. Dit kan wees dat hy dit gesê het, dat ek dit nie gehoor het nie, want ek sal vir u sê, ons het nie in 'n reguit lyn geloop nie. Van die mense was voor en die ander agter, binne 'n hoorafstand. Met ander woorde, dit kan wees dat hy dit gesê het, maar dat ek nie aandag daaraan geskenk het nie.

Toe u by die kerk aankom, was die kerk al oopgesluit? -- Nee, dit was nog nie oop gewees nie.

Was die opsigter van die kerk nie daar rond gewees die dag nie? -- As hy daar was, het ek hom nie opgelet nie, want daar was heelwat mense teenwoordig buite die kerkgebou.

Wie het die kerk oopgesluit? -- Eerwaarde Moselane is die persoon wat die kerk oopgesluit het.

Wie is eerste in die kerk in? -- Ek sal nie kan sê wie die eerste in die kerk ingegaan het nie, maar ek kan vir die hof skets wat daar gebeur het.

Ja, goed, skets asseblief? -- Die volgende het daar gebeur. Met ons aankoms by die kerk, het die ouerige dames wat al moeg gestaan was, teen die muur geleun van die kerk en daar was van hulle ook in die onmiddellike omgewing

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van die kerk. Nadat die deur oopgemaak was deur eerwaarde Moselane by wie mnr. Manthata teenwoordig was, het die mense wat alreeds by die deur was, terselfdertyd met die twee persone die kerk binnegegaan. Ons het ook gevolg met die ander klomp mense wat ook saam met ons gelyktydig die kerk binnegegaan het. Dus kan ek nie sê wie die eerste binnegegaan het nie.

U sien, beskuldigde nr. 2 het getuig dat dadelik toe beskuldigde nr. 3 die kerk se deur oopgemaak het, het die mense wat naby die ingang gestaan het, ingegaan in die kerk in en julle groep het hulle toe in die kerk in gevolg? -- Ek sal nie sy getuienis betwis nie, want hy getuig oor sy waarnemings daar. Ek getuig van wat ek waargeneem het, soos ek beskryf het dat eerwaarde Moselane en Manthata was bymekaar gewees toe die mense daar gelyktydig omtrent saam met hulle daar in ŉ bondel die ingang binnegegaan het.

Is dit baie mense wat so saam met hulle ingegaan het in ŉ bondel? -- Ja, dit was so ŉ bondel van mense wat in staat kon gewees het om by die deur deur te kom.

Want u sien, die verdediging het dit aan die Staats-getuie Koaho gestel dat wat daar eintlik gebeur het is dat nadat beskuldigde nr. 3 die kerk oopgemaak het, het hy en sy groep in die kerk ingegaan en daarna eers het die mense wat buite was stadig gevolg en in die kerk begin inkom.

HOF : Wat is die verwysing?

MNR. HANEKOM : Dit is Volume 25 bladsy 1 176. -- Ek sal nie daardie stelling betwis nie, want ek sal u sê, dit gebeur en dit is normaal dat mense nie dieselfde waarnemings kan maak nie. Iemand sal sien dat die eerwaarde miskien eers saam met die mense met wie hy daar gekom het ingegaan het. Die

ander/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ander persoon sal net die teenoorgestelde daarvan sien.

Ek wil dit aan u so stel dat dit is nie ŉ kwessie van waarnemings nie, ons is besig om die feite te toets. Stem u saam met die feite soos dit gestel is aan die Staatsgetuie of verskil u daarvan? -- Ek betwis dit nie, maar wat ek hier vir die hof vertel is dit wat ek kan onthou.

Ek stel dit aan u dat wat gebeur het is, die groepie mense wat in u geselskap was, dit is beskuldigde nr. 3, Peter Hlubi en uself, julle drie, is eerste die kerk in, julle het die kerk in gereedheid gebring, die vensters oopgemaak en toe het die mense eers in die kerk ingekom? -- Wat ek onthou daar gebeur het is die volgende, dat die eerwaarde tesame met die ander mense daar binnegegaan het kort gevolg deur ons en die ander mense wat ook daar was in die gebou.

Wie het die gebou se vensters oopgemaak? -- Toe ons daar binnegekom het met hierdie klomp mense wat daar was, het van die mense sommer die vensters begin oopmaak. Peter Hlubi het ook die mense gehelp met die oopmaak van die vensters.

Wat het u gedoen? -- Wat ek gedoen het was om die stoele daar in orde te laat staan, want dit was nie lank na die kerkdiens uit is nie. Dus die toestand van die stoele daar was nie in ŉ goeie orde nie, maar onmiddellik na ek dit gedoen het daar, het ek toe gaan sit, want ek het by my ŉ pakkie gehad.

Het beskuldigde nr. 2 u gehelp met die stoele? -- Ek kan nie op die huidige oomblik onthou of hy my gehelp het nie.

<u>HOF</u> : Was daar ŉ tafel of moes die tafel ingedra word? -- As ek reg onthou was daar ŉ tafel gewees aan die een kant van die gebou. Dit moes gebring word na ŉ posisie in die

middel/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

middel waar daar stoele by die tafel gebring is.

Wanneer is die banier aangebring in die kerk? -- Na die opening van die vergadering met ŉ gebed deur die predikant, het ek toe die banier gaan opsig.

Hoekom het u die banier nie voor die tyd aangebring voor die vergadering begin het nie? -- Ek het nie daaraan gedink om dit eers daar aan te bring voor die vergadering nie. Wat wel gebeur het is dat ek het net gedink dat sodra ons by die kerk kom, dan sal ek die banier daar aanbring.

Het u toestemming gevra om die banier op die preekstoel te sit? -- Ja, ek het gefluister aan die predikant dat ek ŉ banier by my het, waarop hy toe gevra het "Wat is daarop geskryf?" Ek sê toe aan hom daar is geskryf "Asinamali". Hy sê toe "Goed, daar is niks daarmee verkeerd nie, jy kan dit maar aanbring."

Het dit alles nou gebeur, die fluistering, nadat die vergadering geopen was met ŉ gebed? -- Nee, ek het aan hom gefluister net na ons binnegekom het voor hy gebid het.

Het iemand u gehelp met die banier om dit op te sit? -- Ja, as ek nog reg onthou, die persoon Mothofela Mokhema was my behulpsaam met die opsit van die banier.

HOF : Is dit nou Mokgema of Mokhema? -- Dit verskil. Party skryf dit kh en party mense skryf dit kg.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is Mothofela Mokhema. Wie is die ander Mokhema wat u van gepraat het? U het gister gesê daar is twee Mokhema's. Wie is die ander een? -- Die tweede Mokhema weet ek nie wat sy voornaam is nie, maar hy is aan ons bekend as oom Mokhema. As ek reg is, is hy die oudste broer van Mothofela Mokhema.

Is hy al ŉ ou man? -- Nee, hy is ŉ middeljarige man.

Hy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hy is nie 'n ou man nie.

HOF : Hoe oud is iemand as hy middeljarig is? -- Dit is vir my moeilik om vir u te sê hoe oud die persoon is, want my skatting gaan oor ooglopend. As ek 'n persoon sien, dan besluit ek of daardie persoon na kan verwys as 'n middeljarige persoon of as 'n jong man of wat die posisie ook al is.

Is u self middeljarig? -- Ek skat nie myself so nie. Ek skat myself as 'n jong vrou wat nog nie 'n ou vrou kan wees of sê maar 'n middeljarige vrou nie.

Ek het op 'n stadium in hierdie saak die naam gehoor Mokhema Mokhema. Is dit hierdie Mothofela wat ook so bekend staan of nie? -- Nee, ek glo nie dit is dieselfde persoon nie, want Mothofela Mokhema se verkorting van benaming is Motho. So, dit kan nie hy wees nie.

MNR. HANEKOM : Het u by die vergadering op die verhoog gesit? -- Ja, op 'n stadium was ek daar op die verhoog gewees. Eintlik het ek nie 'n presiese plek gehad waar ek kan sê ek gesit het nie.

Maar met die begin van die vergadering waar was u toe die gebed gedoen is? -- Ek het op 'n bankstoel gesit wat op die verhoog was naby die tafel.

En Mothofela Mokhema waar was hy? -- Mothofela Mokhema was saam met die gehoor daar. Nie op die verhoog nie, maar heel voor, dit wil sê net voor die verhoog het hy gestaan.

MR BIZOS : If my learned friend left the previous topic as to how people went into the church. I do not interfere whilst he is still busy on it. I merely ask Your Lordship for the sake of convenience and of the record to add to the reference that my learned friend gave the reference on page 1 178 line 30 to 1 179 to line 6, where I actually put that they

entered/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

entered simultaneously with some elderly people.

(Getuie deel hof mee dat sy ŉ seer keel van gister af het, maar sy sal egter kan aangaan met haar getuienis. Indien nie, sal sy die hof in kennis stel.)

MNR. HANEKOM : Waarom het u vir Mothofela gevra om u te help met die banier en nie vir iemand wat by u was op die verhoog nie? -- Mothofela is ŉ inwoner van die area Phelandaba. Hy is aan my baie goed bekend en toe ek my kop opgelig daar op soek na iemand wat my kon help, is hy die eerste persoon wat aan my bekend is wat ek raak gesien het. Dus het ek gewink aan hom dat hy my moet nader.

Ek wil u net ŉ paar vrae vra oor die banier. By wie het die gedagte ontstaan om die banier te maak? -- Dit was my gedagte gewees. Ek sal u sê hoe ek met die gedagte daar gekom het. By ons kantoor waar ek werksaam is, as daar vergaderings gehou word, is daar ŉ banier wat geskryf is "Orange Vaal Workers Union", dan staan dit verder geskryf "Hlanganani Basebenzi". Na aanleiding daarvan het ek dit goed gedink om die banier te maak.

Wie het betaal vir die materiaal van die banier? -- My suster is ŉ kleremaakster. Daar is stukkies lap wat oorbly in haar werk. Hierdie materiaal wat ek gebruik het daar was een van die oorblyfsels van materiaal deur haar gebruik. Dus het ek dit geneem. Sy het my nie gevra om daarvoor te betaal nie. Dus was dit kosteloos.

Waarom wou u die banier by die vergadering vertoon? Wat wou u bereik daarmee? -- Soos ek alreeds gesê het, met my ondervinding van die vergaderings by my werksplek, dat baniere daar vertoon word, dit gekoppel met die feit dat die vorige vergadering van die 12de geen banier gehad het

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie en dat ek geweet het waaroor dit gaan by hierdie vergadering, het ek dit toe goed gedink om ŉ banier te maak met die bewoording van "Asinamali".

Voor die vergadering begin het, voor die gebed gedoen is, was beskuldigde nr. 3 die hele tyd in die kerk of het hy op ŉ stadium eers uit die kerk uitgegaan? -- Ek kan dit nie onthou nie.

Ek wil dit aan u stel dat nadat hy die kerk oopgemaak het, is hy weer uit die kerk uit en hy het ŉ rukkie later teruggekom saam met beskuldigde nr. 16 in die kerk in? -- Ek het alreeds vir die hof gesê dat na die opening van die vergadering met ŉ gebed het ek toe besig geword met die opsit van hierdie banier. Dit kan wees dat in die tyd wat ek besig was daar, dit gebeur het. Ek sal dit nie betwis nie.

Is daar enige notules op die vergadering voorgelees?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ekskuus tog, mnr. Hanekom, die vraag wat u gevra het - my nota lees dat u gevra het na die kerk oopgemaak is, nie na die vergadering geopen is nie. Wou u weet van na die vergadering geopen is? Is dit die stelling wat u maak?

MNR. HANEKOM : Nee, ek het miskien nie genoeg aandag gegee nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Want die antwoord wat u gekry het gaan oor die tydperk nadat die vergadering geopen is.

MNR. HANEKOM : Nee, is jammer. Dankie dat u my aandag daarop vestig. Soos die geleerde assessor opgemerk het, het u eintlik nie geantwoord op die vraag nie. My vraag was, nadat die kerk oopgesluit was en voor die vergadering begin het, het beskuldigde nr. 3 - stel ek dit aan u - die kerk verlaat en het hy teruggekom met beskuldigde nr. 16? -- Dit is

miskien/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

miskien hoe eerwaarde Moselane dit onthou, maar wat ek onthou wat gebeur het daar is dat ons is saam weg, saam in die kerk in met die ander mense wat ons in die kerk gekry het.

Wel, is u baie seker van u saak of kon dit so gebeur het soos ek dit aan u stel dat u net nie kan onthou nie? -- Ja, ek is seker daarvan dat ons saam die huis uitgegaan het, saamgegaan het tot by die kerk, waarop ons die kerk binnegegaan het tesame met die ander mense.

MR BIZOS : My learned friend might draw the witness's attention to the fact that he was not referring to the Reverend Moselane's entrance.

COURT : Why should he? He did not say so.

MR BIZOS : Obviously, the witness is under a misapprehension.

COURT : But not flowing from the question.

MNR. HANEKOM : Was daar enige notules op die vergadering voorgelees? -- Ja, na die gebed en die ander dinge wat daar plaasgevind het, is die notule gelees.

Wat se notule? -- Die notule van die vergadering van die 12de, die resolusies wat aanvaar was daar is hier in die notule gelees.

Was dit net die resolusies wat op die vergadering van 12 Augustus geneem is wat gelees is of is die notule wat u agterna uitgetik het volledig gelees? -- Sover as wat ek kan onthou, die voorsitter, naamlik Peter Hlubi, het die resolusies wat aanvaar was by hierdie vergadering gelees as resolusies van die vorige vergadering.

HOF : Kan u my net sê, die notule van die vorige vergadering het dit net bestaan uit die resolusies of was dit ŉ verslag van wat op die vergadering gebeur het? -- Die volledige notule was getik gewees en dan heel onder, onder ŉ

hoop/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hoop van resolusies, was daar toe resolusies aangeteken op die notule.

Is die volledige notule gelees of net die gedeelte wat die resolusies was? -- Sover as wat ek kan onthou, dit is nie ŉ kwessie van dat hy die notule ten volle gelees het nie. Wat hy gedoen het in opsomming was by die vorige vergadering dit en dit het hy kortliks aanhalings gemaak van wat daar gebeur het en toe die resolusies aangehaal by hierdie vergadering.

MNR. HANEKOM : Ek wil dit aan u stel dat beskuldigde nr. 3 het getuig dat by die vergadering is die notule van die vergadering wat gehou was van die 12de, is by die vergadering van die 19de aan die gehoor gelees? -- Ek sal dit nie betwis nie. Soos ek sê ek onthou dat hy dit in die algemeen aangehaal het.

U het gesê dat dit gedoen is, die resolusies is genoem na die gebed en die ander dinge wat daar plaasgevind het. Watter ander dinge het daar plaasgevind? -- Ander dinge?

Dit was u getuienis toe ek u gevra het of daar ŉ notule gelees is. U het gesê na die gebed en die ander dinge wat daar gebeur het ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Die antwoord was die volgende "Na die gebed en ander dinge is die notule gelees." Nou vra die advokaat u waarna verwys die ander dinge? -- Ander dinge wat ek na verwys is byvoorbeeld die lees van die Bybel en na dit gelees is, dan preek ŉ persoon oor die Woord wat hy gelees het uit die Bybel uit. Dit is die ander dinge wat ek na verwys.

MNR. HANEKOM : Het beskuldigde nr. 3 in sy opening van die vergadering verwys na raadslede? -- Nee, dit kan ek nie onthou dat dit daar gebeur het nie. Ek onthou wel dat

daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar Bybel gelees is. Daar was gepreek gewees oor die Bybel en daar was ŉ gebed. Daarna was daar ŉ gesingery van ŉ lied. Dit wil sê eers die kerklied en dan die lees en die gebed.

Het enigiemand by die begin van die vergadering aan die gehoor gesê dat hierdie is nie die eerste of die laaste vergadering nie, maar hierdie is een van ŉ reeks vergaderings wat gehou gaan word? -- Nee, ek onthou nie so nie.

Sê u dit het nie gebeur nie of u kan dit nie onthou nie? -- Nee, nie dit nie. Wat ek sê is, ek onthou dit nie op die manier wat u dit stel nie. Ek onthou dit wel op ŉ ander manier, maar nie op die manier wat u dit aan my gestel het nie.

HOF : Hoe onthou u dit? -- Wat ek wel onthou is dat die voorsitter by hierdie vergadering het gesê ... (Mnr. Krugel kom tussenbei)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Mnr. Hlubi? -- Ja, Peter Hlubi, dat hierdie vergadering is ŉ vergadering na ŉ vergadering wat verlede week gehou was en nie dat hy gesê het dat daar nog ŉ ander reeks vergaderings na hierdie vergadering kom nie.

MNR. HANEKOM : U sien, dit is gestel aan die getuie Koaho deur die verdediging dat beskuldigde nr. 3 het verwys na die feit dat dit nie die eerste of die laaste vergadering was nie, maar dat ŉ reeks vergaderings gehou sou word?

HOF : Wat is die bewysplek?

MNR. HANEKOM : Volume 25 bladsye 1 189 tot 90. -- My kennis van hierdie vergadering is dat eerwaarde Moselane was nie die voorsitter nie. Peter was die voorsitter en ek onthou dat Peter dit genoem het op die manier wat ek nou net vir die hof gesê het. As hy dit gesê het, dit is nou eerwaarde

Moselane/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Moselane, dan het hy dit nie gesê as ŉ voorsitter nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

NOZIPHO GLADYS MJEZA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Het beskuldigde nr. 3 by die opening van die vergadering enigsins terug verwys na 12 Augustus se vergadering en die rede waarom die vergadering belê is? -- Dit is nie wat ek onthou daar gebeur het nie, want hy was nie die voorsitter nie. Na hy gebid het, het ek toe die banier opgesit. Dit is al wat ek onthou van hom.

HOF : U bedoel u onthou net sy gebed? -- Ja.

Ek neem aan hy het darem ook ŉ prekie gehad? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Het hy in die preek van hom verwys na die Israeliete en die Egiptenare? -- Nee, dit is nie hoe ek dit onthou nie.

Kan u onthou wat die boodskap was wat hy oorgebring het? Kyk, ek wil nie die hele preek hoor nie. Net wat u sê wat u verstaan het wat die kern daarvan was? --In sy preek daar het hy gepraat van ŉ gebed en die vertroue wat ŉ mens het in die naam van God.

Het hy in die preek van hom enigsins verwys na die hulpprogram vir bejaardes? -- Nee, ek onthou nie so nie.

Het hy enigsins gesê hoe dit gekom het dat u en Peter Hlubi by die vergadering betrokke is? -- Nee, ek onthou nie dat hy dit genoem het nie.

U sien, dit wat ek vir u gevra het die laaste twee vrae oor die hulpprogram en oor hoe en Hlubi betrokke geraak het, is dinge wat aan die Staatsgetuies gestel was deur die verdediging as goed wat beskuldigde nr. 3 daar sou gesê het?

HOF : Wat is die verwysing?

MNR. HANEKOM/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. HANEKOM : Volume 15 dieselfde bladsy 1 189 tot 90. -- Ek betwis dit nie. Soos ek alreeds vroeër gesê het, na die gebed deur beskuldigde nr. 3 het ek toe besig geword met die banier om dit daar op te sit. Ek het dus gesoek na dinge om dit daar vas te bind. So, in daardie tyd kan dit gebeur dat hy dit gesê het dat ek dit nie gehoor het nie.

Met ander woorde, wil u vir die hof sê dat na sy gebed kon beskuldigde nr. 3 daar ŉ klein toesprakie gemaak het maar u weet daar niks van nie? U weet nie of dit so is en of dit nie so is nie? -- Sy woorde wat ek onthou is terwyl hy gepreek het oor die vertroue in die Here se Woord en in die Here self en dat die mense aan die Here moet glo, dit is die woorde wat ek onthou.

Luister net asseblief na die vraag. Sê u na sy gebed en na sy preek het beskuldigde nr. 3 nog ŉ toesprakie gemaak of hy het beslis nie ŉ toesprakie gemaak nie of dit is moontlik, maar u kan dit onthou nie? -- Ek sê indien hy gepraat het, het ek dit miskien nie gehoor nie.

HOF : Kan ek nou net duidelikheid kry. Dit lyk vir my ons praat van drie dinge en ek weet nie of ons van drie dinge praat nie. Die een is die gebed. Die een is skriflesing en ŉ verduideliking van die skriflesing en die ander is ŉ toespraak wat heeltemal los staan van die Bybel en los staan van die skriflesing. Nou weet ek nie of daar drie sulke dinge was en of die preek ŉ bietjie wyer geloop het as net die Bybel nie. Met ander woorde, dat daar nie ŉ afsonderlike toespraak was nie. Wat het daar gebeur? Is daar uit die Bybel gelees? -- Ja.

En is dit verduidelik? -- Ja.

En het beskuldigde nr. 3 by ŉ ander geleentheid ook

weer/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

weer gepraat of is dit al geleentheid waar hy gepraat het? -- Die laaste wat ek van geweet het is toe hy die Woord van die Bybel verduidelik het. Verder laat, later in die vergadering het hy iets te sê gehad in die sin dat hy vrae geantwoord het.

MNR. HANEKOM : Wie was die eerste spreker van die dag? -- Dit is na die gebed?

Ja, die eerste persoon wat 'n toespraak daar gemaak het by die vergadering? -- Dit was die voorsitter Peter Hlubi.

Maar het hy behalwe dat hy na die resolusies verwys het van die vorige vergadering, ook 'n toespraak gemaak? -- Ja, hy het 'n aankondiging gemaak.

Wat het hy gesê?-- Hy het die spreker, die gasspreker wat daar was voorgestel.

Het hy gesê of daar behalwe die gasspreker ander sprekers sou wees of nie? --Nee, ek het net gehoor dat hy die gasspreker voorgestel het.

U sien, dit is aan die Staatsgetuie Koaho gestel dat Peter Hlubi dit duidelik gemaak het aan die vergadering dat beskuldigde nr. 16 die hoofspreker was en ook die enigste genooide spreker?

HOF : Nou hoe verskil dit van wat die getuie sê?

MNR. HANEKOM : Ek verstaan die getuie se getuienis dat hy nie melding gemaak het van die feit dat beskuldigde nr. 16 die enigste spreker was nie.

HOF : Wel, die vraag is aan hom gestel of hy gesê het dat daar ook ander sprekers sal wees en die antwoord was nee.

MNR. HANEKOM : Dan het ek dit foutief gestel. Ek sal dit anders formuleer en dit so stel. Het beskuldigde nr. 16 - jammer, het Peter Hlubi dit aan die gehoor duidelik gemaak

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat beskuldigde nr. 16 die hoofspreker was en die anigste genooide spreker? -- Nee, dit is nie hoe hy die gasspreker daar voorgestel het nie.

Ek vra u nie hoe hy hom voorgestel het nie. Ek vra net het hy dit aan die gehoor oorgedra?

HOF : U en die getuie is nou net besig om rond te trap, mnr. Hanekom, u kom niks verder nie en u gaan haar net verwar ook. Sy het klaar die antwoord gegee dat hy nie van ander sprekers melding gemaak het nie.

MNR. HANEKOM : Kom ons kom by hoe beskuldigde nr. 16 voorgestel was. Hoe is hy voorgestel aan die gehoor? -- Hy het hom op die volgende manier voorgestel deur te sê dat ons het ƞ spreker van Soweto. Hlubi het ƞ bietjie moeilikheid met sy spraak, hy hakkel. Daarom het hy gesukkel om dit volledig te stel, as gevolg waarvan eerwaarde Moselane toe hom reggehelp het.

Wat het beskuldigde nr. 3 gesê? -- Wat hy gesê het is nadat hy gefluister het aan Hlubi "Laat ek jou help", hierdie persoon is mnr. Tom Manthata, ƞ lid van Soweto Civic Association, ƞ lid van die Committee of Ten, ƞ field worker van die SACC, ƞ volle Christen. Dit is hoeveel ek kan onthou van die voorstelling.

Ek wil net duidelikheid kry. Ek is nie duidelik oor wat u sê nie. Dit wat u nou gesê het, wie het dit aan die gehoor oorgedra?

HOF : Beskuldigde nr. 3 het so gesê, nadat hy gefluister het aan Hlubi "Laat ek jou help."

MNR. HANEKOM : Het u op daardie stadium enige kennis gedra van die Soweto Civic Association en die Committee of Ten? -- Nee, ek het geen kennis gehad, ook nie geweet van die

bestaan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bestaan van die twee nie, dit wil sê die Soweto Civic Association en die Committee of Ten nie.

Dan wil ek dit aan u stel, ek vind dit baie eienaardig dat u na soveel jaar nog onthou dat dit presies gestel was. As dit organisasies is wat u niks van geweet het nie, u het nog nooit van hulle gehoor nie, na al die tyd onthou u nog hy is so voorgestel? -- Daar is niks snaaks daaraan nie. Ek het hier vir die hof gesê dat wat eers aan ons bekend gemaak was deur beskuldigde nr. 3 oor mnr. Manthata is dat mnr. Manthata ŉ inwoner was van Soweto en ŉ "field worker". Later by die vergadering, terwyl ek nog hierdie inligting gehad het oor hom, het dit toe uitgekom en bekend geword aan ons dat hy aan hierdie organisasies behoort, wat dan vir my van belang was.

In watter taal het beskuldigde nr. 16 sy toespraak gelewer? -- Sotho.

Is dit vertolk of nie? -- Ja.

Na watter taal is dit vertolk en deur wie? -- (Tolk deel hof mee dat die getuie aan hom gesê het dat sy nie lekker voel nie)

<u>HOF</u> : Het u ŉ probleem? -- Ek kan nie meer praat nie, maar as die tyd nog kort is, sal ek maar aangaan, maar my keel kan dit nie meer vat nie.

Probeer daardie peppermint of pil wat u nou het, laat ons kyk hoe gaan dit. As u nie meer verder kan nie, sê vir ons. -- Ja, ek maak so.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Na watter taal is sy toespraak vertolk en wie het dit vertolk? -- Dit was vertolk in Nguni-taal, maar wie die tolk was kan ek nie meer onthou nie.

In u hoofgetuienis het u net vir die hof gesê wat

beskuldigde/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

beskuldigde nr. 16 nie gesê het nie. Nou wil ek vir u vra wat was die kern van sy boodskap? Wat het hy wel gesê? -- Hy het 'n lang toespraak gemaak. Ek sal nie alles kan onthou nie. Ek sal kortliks vir die hof kan sê wat ek onthou.

Sê asseblief? -- Ek onthou dat hy melding daarvan gemaak het dat die huur van die huise in Sharpeville ver meer is as die huise in Soweto, wat vir die huise in Sharpeville betaal word. Hy het toe verder gesê hierdie huise van Sharpeville is al taamlik oud. Hy het toe gepraat van die invloed van stemming en gesê dat hierdie raadslede bestaan vandag daar as raadslede as gevolg van julle wat julle gekies het met die stemme wat julle gegee het. Hy het toe verder gesê dat indien julle nie tevrede is met hulle nie, kan julle hulle daar wegkry deur verder ook met stemme daar voort te gaan en ander mense kies om hulle te vervang. Hy het toe 'n voorbeeld gemaak van twee plekke, Ratanda en Mohlakeng waar hulle hierdie tipe probleem ook daar gehad het en as gevolg van die feit dat hulle verenig het, het hulle daarin geslaag om hierdie verhoging te stop. Ek onthou dat hy melding gemaak het van 'n stoporder. Hy het daarvan melding gemaak toe hy gesê het dalk kan dit gereël word dat die werkgewers geld aftrek van 'n werknemer se beloning om dit te betaal. Dit is onwettig om dit te doen sonder die toestemming van die eienaar van die beloning. Soos ek alreeds gesê het, hy het baie voorbeelde gegee en op 'n stadium het hy gesê dat die raadslede genooi word om deel te neem aan hierdie samesprekings. Hy het ook daarvan gepraat dat daar baie mense werkloos was en toe raad gegee waar hierdie mense om hulp kan gaan vra. Hy het baie dinge genoem. Hy het dinge genoem in die algemeen. Byvoorbeeld, hy het gepraat van beurse,

waar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

waar mense dit kan kry en ook melding gemaak van verskillende organisasies wat hulp kan verleen. Soos ek alreeds gesê het, hy het van baie dinge gepraat. Met dit het hy die gemeenskap aangemoedig om raad te soek en dit wat hulle kry te gebruik.

Is dit al wat u kan onthou? -- Ja, dit is wat ek sover kan onthou.

Die kwessie van die raadslede wat genooi moes word om deel te neem aan die samesprekings, hoe het hy dit verduidelik? Waar moes die samesprekings plaasvind en hoe? -- Hy het net voorbeelde gemaak van hierdie dinge. Hy het nie spesifiek gesê waar die raadslede genooi moet word en wanneer dit gedoen moet word nie. Al wat hy gesê het was "Julle kan die raadslede nooi, julle kan dit doen of dit doen, alternatiewelik dit doen." Nie dat hy besluit het spesifiek en gesê waar die mense genooi moet word nie.

Het beskuldigde nr. 16 melding gemaak van die bedanking van raadslede? -- Ja, in die sin dat hy gesê het "Julle kan hulle nooi en samesprekings met hulle voer. As hulle nie verstaan wat julle standpunt is nie, dan kan julle 'n beroep maak op hulle dat hulle moet bedank."

HOF : As hulle nie saamstem met die standpunt nie? -- As hulle nie die versoeke van ons aanvaar nie, dan sal ons hulle moet vra om te bedank.

MNR. HANEKOM : Het beskuldigde nr. 16 gesê dit sal 'n oplossing bied as die mense ander raadslede kies in die plek van die raadslede wat daar was? -- Hy het nie gesê dat die probleme opgelos kan word as ons ander raadslede kan kies nie. Hy het gesê ons het die reg om ander raadslede te kies. Dus sal hierdie se kantoor beëindig word.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Maar nou, wanneer sou die volgende verkiesing plaasvind? -- Wat ek verstaan het, was die volgende. Daar was ŉ bestaande raad gewees van die raadslede van Kolisang, toe ons nou mense van die Bafutsana Party gekies het in die raad. Dit wil sê van die raadslede wat daar was, het nou plekke verloor en hulle was verband met die Bafutsanas. Wat ek verstaan het, was ons moet wag vir die tyd weer van die verkiesings, as daar weer gekies word, moet ons dan ander mense kies om hulle te vervang.

Wanneer sou dit wees? Dit is nie elke jaar nie? -- Dit is reg. Dit was nie elke jaar nie, maar ongelukkig het ek nie die kennis gehad daarvan hoe lank dit neem voor die ander verkiesing nie. Wat ek wel verstaan het van hom is dat ons moet wag tot daardie tyd van die verkiesings.

MNR. HANEKOM : In watter sin het beskuldigde nr. 16 melding gemaak van die verkiesing van ander raadslede? Het hy oorgedra dat dit die posisie sou verbeter om ander raadslede te kies? -- Wat ek verstaan het van hom was ons kan ander raadslede kies. Met dit het hy verder gesê dat hierdie raadslede, dit wil sê die huidige raadslede, het nie die mag nie, hulle word net gestuur om sekere dinge uit te voer. Dus om hulle te vervang met ander raadslede wat gekies word, sal dit kan beteken dat ons nou ŉ raad kan kry wat meer mag het.

Ek wil dit aan u stel dat beskuldigde nr. 16 hier in die hof getuig het dat hy presies die teenoorgestelde vir die mense gesê het. Hy het gesê as die mense nie tevrede is met die raadslede nie, dan staan dit hulle vry om ander te kies, maar hy het daarby verduidelik dat raadslede nie mag het nie en om ander raadslede in te stem, sal geen verandering

meebring/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

meebring nie. -- Ek hoor wat u stelling is van wat mnr. Manthata hier getuig het, maar my verstaan van wat hy daar gesê het in sy toespraak was dat ons kan ander raadslede kies, want die raad het eintlik nie die mag nie, hulle word opdrag gegee om sekere dinge uit te voer. Dus daar bestaan ŉ moontlikheid dat ons ŉ sterker raad kan kies.

Het beskuldigde nr. 16 enige notas of papiere in sy hand gehad terwyl hy gepraat het? -- Hy het ŉ papier in sy hand gehad wat opgerol was. Dit het hy in sy linkerhand gehou terwyl hy die toespraak gemaak het.

Het hy tydens sy toespraak verwys na daardie papier? -- Nee, hy het nie na hierdie dokument verwys nie. Hy het dit net in sy hand gehad terwyl hy gepraat het.

Het hy gekyk na die papier terwyl hy praat? --Nee, ek het alreeds gesê hy het gepraat terwyl hy die papier in die hand gehad het sonder om daarna te kyk.

Beskuldigde nr. 2 se getuienis was dat beskuldigde nr. 16 ŉ nota in sy hand gehad het waarna hy aanmekaar gekyk het terwyl hy sy toespraak gemaak het?

HOF : Wat is die verwysing?

MNR. HANEKOM : Volume 220 bladsy 11 642. -- Wat my geheue betref het hy ŉ wel dokument in sy hand gehad wat hy nooit na verwys ha in sy toespraak nie. Miskien as hy dit gedoen het, as dit so beweer word, het ek dit nie gesien nie.

Wat se papier is dit wat hy in sy hand gehad het? Weet u? -- Soos ek alreeds gesê het, dit was ŉ opgerolde papier in sy hand. Ek weet nie waaruit dit bestaan het nie.

Was dit ŉ skryfblok soos wat ek in my hand het se papier, ŉ A4 grootte papier of was dit ŉ opgerolde koerant of wat se tipe papier was dit? -- Dit was ŉ opgerolde papier

gewees/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gewees wit van kleur. Of daarop lyne getrek was of nie, dit kan ek nie sê nie. Al wat ek kan sê is, dit was 'n papier waarop 'n mens kom geskryf het.

Het hy op enige stadium enigiets van daardie papier af gelees? -- Ek het alreeds vir die Hof gesê dat vandat ek hom gesien het met hierdie papier in sy hand, het hy dit net so gehad sonder om daarna te verwys of lees, tot hy op die stadium gekom het waar hy gaan sit het.

Want u sien, dit is gestel aan die Staatsgetuies dat beskuldigde nr. 16 'n stukkie papier in sy hand gehad het waarvandaan hy die verskillende verhogings afgelees het? -- Ek sê op die tydstip wat ek na hom gekyk het, het hy nie na die papier verwys nie en as hy dit gedoen het, het ek hom nie gesien nie. Ek weet nie.

HOF : Wat is die verwysing?

MNR. HANEKOM : Dit is Volume 25 bladsy 1 230. Het beskuldigde nr. 16 enigsins verwys na die huurverhogings in die Vaal, die bedrae van die verhogings? -- Ja, wat eintlik die belangrikste aspek was, was die verhoging van die huur.

Het hy verwys na die presiese bedrae waarmee die huur verhoog is? -- Ek kan dit nie onthou nie. Al wat ek onthou is dat hy dit vergelyk het met die huur van Soweto, dat die Vaal se huur heelwat hoër as Soweto se huur.

Het hy aan die mense op die vergadering gesê hoeveel huur die mense in Soweto betaal? -- Nee, ek kan nie onthou dat hy dit gesê het nie, behalwe dat hy net gesê het dit is laer as dit vergelyk moet word met Sharpeville se huur.

Het beskuldigde nr. 16 in sy toespraak verwys na pensioenarisse? -- Sover as wat ek kan onthou, kan ek nie spesifiek onthou dat hy enige melding daarvan gemaak het nie,

maar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

maar weens die feit dat hy 'n lang toespraak gemaak het, kan dit wees dat in daardie lang toespraak wat hy gemaak het iets deur hom gesê was aangaande dit.

Kan ek u geheue verfris? Het hy miskien verwys na blanke pensioenarisse? -- Ja, dit help my om nou te onthou. As u daarvan praat onthou ek nou dat hy melding gemaak het van die televisie en die pensioenarisse van die blankes. Hy het baie dinge te sê gehad.

Laat ek sien of ek u verder kan help. Het hy spesifiek verwys na pensioenarisse in Sharpeville? -- Nee, ek kan nie onthou nie, maar wat ek wel kan onthou is dat hy gepraat het van die blankes se pensioen.

U sien, dit is gestel aan die Staatsgetuies dat beskuldigde nr. 16 gesê het party van die pensioenarisse in Sharpeville het gestem vir die raadslede en in plaas daarvan dat hulle voordeel kry, het hulle 'n huurverhoging gekry. Dit is Volume 25 bladsy 1 219. -- Soos ek alreeds gesê het ek onthou dat hy gepraat het van die blanke bejaardes, maar ek kan nie onthou dat hy ooit gepraat het van Sharpeville se bejaardes nie.

Het beskuldigde nr. 16 in sy toespraak gesê die huurverhoging moenie in isolasie gesien word nie? -- Nee, hierdie vergadering was belê aangaande die verhoging van die huur. So, wat hy daar gesê het, het betrekking gehad op die verhoging van huur.

Sê u hy het dit nie gesê nie of kan u dit nie onthou nie, dat die huurverhoging nie in isolasie gesien moet word nie? -- Ek sê ek onthou nie.

U sien, beskuldigde nr. 16 het getuig in die hof dat hy dit gesê het, die huurverhoging moenie in isolasie gesien

word/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

word nie. Hy het daarby gevoeg wat eintlik die primêre probleem is, is die vraag dat daar onvoldoende konsultasie is en dat daar ŉ algehele afwesigheid van demokratiese verteenwoordiging is in die regeringstrukture? -- Ek betwis dit nie. Ek het al vroeër vir die hof gesê dat mnr. Manthata ŉ lang toespraak gemaak het. Daar is van die gedeeltes van sy toespraak wat ek nie onthou nie.

Het beskuldigde nr. 16 in sy toespraak verwys na die kandidate in die verkiesings? -- Ja, hy het.

Wat het hy daarvan gesê? -- Wat hy gesê het daaromtrent was, die kandidate wat nog werf om gekies te word op die raad, maak beloftes dat sekere dinge nie gaan plaasvind as hulle gekies is nie, maar sodra hulle gekies is, gebeur dit presies net soos wat hulle dit gesê het, die teenoorgestelde. Dit het hy genoem met verwysing na die raadslede in die algemeen.

Het hy uitgebrei daarop en gesê wat se beloftes gemaak was? -- Wat ek onthou hy gesê het was dat daar baie beloftes is wat deur die raadslede gemaak word terwyl hulle nog daar staan as kandidate. Byvoorbeeld van huur, dat dit nie gaan plaasvind nie, maar onmiddellik na hulle gekies is, dan word dit vergeet en dan word die huur ook maar verhoog.

Het beskuldigde nr. 16 in sy toespraak verwys na die wet op swart plaaslike besture?

HOF : Black Local Authorities Act? -- Ek kan nie onthou dat hy hierdie woorde gebesig het soos aangehaal word Black Local nie, maar ek onthou dat hy verwys het na die raadslede wat nie die mag het nie. Nou weet ek nie of dit beteken -. dat die betekenis daarvan die Black Local Authorities is nie.

MNR. HANEKOM : Want ek wil dit aan u stel beskuldigde nr. 16 het getuig hy verwys na die Wet op Swart Plaaslike Besture

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en hy het vir die gehoor gesê hy verwerp dit en toe het hy ook sy redes gegee hoekom hy die wet verwerp? - Indien hy so gesê het, kan ek dit nie onthou nie.

Het beskuldigde nr. 16 in sy toespraak verwys na die Staat se begroting? -- Soos ek alreeds gesê het, hy het van baie dinge gepraat in sy toespraak. Daar is van hierdie dinge waarvan hy gepraat het, wat ek nie onthou nie.

HOF : Weet u wat is ŉ begroting? -- Miskien verstaan ek dit nie mooi as ŉ mens dit nou so noem as ŉ "budget" nie.

MNR. HANEKOM : Het hy van die Staat se uitgawes vir militêre aktiwiteite gepraat? -- Nee, ek onthou nie dat hy dit so gesê het nie, maar wat ek wel kan onthou is dat hy melding gemaak het daarvan dat die regering van die gemeenskap nie met wapens so bewaak kan word nie.

HOF : Wat beteken dit? -- My verstaan van wat hy gesê het as ek dit moet oordra sal ek sê, ek het hom verstaan dat dit beteken as dit ŉ regering is van die gemeenskap dan moet ons die burgers van die land op ons gemak wees.

MNR. HANEKOM : Het hy na, ek sal maar die Engelse woorde gebruik "armies" en na "guns" verwys? -- Ek onthou nie op hierdie huidige oomblik nie.

Jy sien, dit is gestel aan die Staatsgetuies dat hy gesê het dat ŉ nasie wat ŉ redelike lewensstandaard geniet het nie gewere en leërmagte nodig vir hulle beskerming nie? -- (Tolk: Verskoon my, ek kon nie die laaste drie woorde gehoor het nie?)

HOF : In elk geval, dit is ongeveer wat sy al klaar gesê het. U kan oorgaan na ŉ volgende vraag toe.

MNR. HANEKOM : Het beskuldigde nr. 16 in sy toespraak verwys na huurpag "leasehold"? -- Huurpag, is ek reg, dit het

iets /...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

iets te doen met die koop van huise?

Ja? -- Ek onthou nie. Dit kan wees, as ek nou vaag onthou, hy het iets gesê in daardie lyn.

Kan u onthou wat hy in daardie lyn gesê het? -- Ek het al verskeie kere vir die hof gesê dat die persoon se toespraak lank was en dit wat ek onthou herhaal ek direk en sê vir die hof wat hy gesê het, maar daar is van die dinge wat ek nie kan onthou nie, wat ek nie kan sê nie. Dus kan ek dit nie sê nie.

Het beskuldigde nr. 16 verwys na die werkloosheidsyfer en na die mense wat nie kom werk nie?

HOF : Hoe gaan dit nou u saak help of sy dit onthou of nie onthou nie? Wat is ons mee besig?

MNR. HANEKOM : Met respek, ek is besig om die getuie se geheue te toets.

HOF : Ek dink u het dit al gedoen.

MNR. HANEKOM : Sy het in haar hoofgetuienis kom getuig oor goed wat beskuldigde nr. 16 nie gesê het nie. Nou wil ek probeer aantoon aan die hof hoe swak haar geheue is en ek voel dit is my plig om veral die stellings wat die verdediging aan die Staatsgetuies gemaak het wat hierdie spreker op die vergadering sou sê, aan die getuie te stel en te toets oor hoe goed haar geheue is oor wat op die vergadering gesê is of nie gesê is nie.

HOF : Gaan maar voort.

MNR. HANEKOM : Het beskuldigde nr. 16 in sy toespraak verwys na die werkloosheidsyfer en dan na mense wat nie geskik was om te werk nie? -- Ek onthou dat hy melding daarvan gemaak het, dit wil sê van die werklose persone. Dit is toe hy gesê het waarheen hulle kan gaan om geholpe te kan raak.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek kan net nie onthou of hy iets gesê het in verband met die syfers van die persone nie.

Het hy na die rol van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke verwys in hierdie verband? -- Ja, dit is so.

Wat het hy daarvan gesê? -- Hy het gesê die werklose persone kan geholpe raak by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke.

HOF : Met geld of met werk? -- Hy het dit nie verduidelik nie, maar wat ek verstaan het is dat hy bedoel het dat daar met geld geholpe geraak kan word vir die mense om 'n lewe te kan maak.

MNR. HANEKOM : U sien, beskuldigde nr. 16 se getuienis in die verband was dat hy net die besorgdheid van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke uitgespreek het op die vergadering oor die hoë werkloosheidsyfer en oor die mense wat nie in staat was om te werk nie? -- Hy was die spreker. Hy was die oorspring van die toespraak. Hy weet wat in sy gedagte was aangaande hierdie toespraak. Hy is in - beter posisie om te verduidelik wat hy daarby bedoel het as ek wat net geluister het wat dit later moes vertolk het wat ek verstaan die persoon sê.

Het beskuldgide nr. 16 in sy toespraak verwys na sogenaamde apartheid behuising? -- Ja, ek onthou dat hy melding daarvan gemaak het.

Wat het hy daarvan gemeld? -- Ek onthou dat hy gesê het die regering het strukture van huise opgerig van apartheid. So, dit sal vir die regering wees dat hulle in staat moet wees om te betaal vir hierdie tipe huise .

Het beskuldigde nr. 15 in sy toespraak verwys na skoolboikotte? -- Soos ek alreeds gesê het, hy het van baie

dinge/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dinge gepraat in sy toespraak. Dit kan wees dat hy daarvan gepraat het, maar dat ek nie meer kan onthou nie.

Oor hierdie toespraak van beskuldigde nr. 16 wil ek dit aan u stel dat beskuldigde nr. 16 die dag aan die gehoor verduidelik het hoe hulle van die raadslede ontslae moes raak, maar dat u geheue so swak is dat u dit nie kan onthou wat hy in hierdie verband gesê het nie? -- Ek het hier vir die hof vertel van dit wat van belang was wat ek kon verstaan het in die toespraak wat hy gemaak het en ek het vir hierdie hof gesê dat die persoon daar net raad gegee het en die persoon daar vir mense voorbeelde gegee het in die alternatief, dat die mense dit kan doen of dat. Nie dat hy daar iets gesê het waarop 'n resolusie geneem is nie.

Wie het na beskuldigde nr. 16 gepraat op die vergadering? -- Die spreker na mnr. Manthata was Patrick Baleka.

Dit is beskuldigde nr. 1. Hoe het dit gekom dat beskuldigde nr. 1 'n spreker was op die vergadering? -- Ek het nie 'n kennis daarvan nie, maar wat wel gebeur het is dat terwyl mnr. Manthata besig was met die toespraak wat hy daar gelewer het aan die gehoor, het Patrick die voorsitter van die vergadering genader.

Hoe is beskuldigde nr. 1 voorgestel aan die mense? -- Na hy die kans verleen was om 'n toespraak te lewer, is hy voorgestel deur die voorsitter as Patrick Baleka 'n lid van AZANYU.

Waarvoor staan AZANYU? -- Wil u weet terwyl ek nou hier staan, wat dit beteken?

Ja? -- Ek is nie seker waarvoor dit staan nie. As ek reg is, sal dit beteken Azanian Youth Unity of Azanian iets waarvan ek nie seker is nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het u op daardie stadium geweet van die organisasie of het u dit die eerste keer daar gehoor? -- Ek het glad nie geweet nie.

Is dit vir die gehoor gesê waar beskuldigde nr. 1 vandaan kom? -- Wat ek onthou gesê was tydens die voorstel van beskuldigde nr. 1 deur die voorsitter was dat die volgende spreker wat nou hier 'n toespraak kom lewer is Patrick Baleka, 'n lid van AZANYU.

Is dit nie gesê dat hy kom van Soweto af nie? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie. Wat ek wel onthou is dat dit gesê was dat hy 'n lid is van AZANYU.

Kan u vir die hof verduidelik hoe dit gebeur het dat iemand AZANYU met die mense van Sharpeville sal kom praat oor hulle probleme met die huur? -- Ek het nie 'n verduideliking om aan u te gee met betrekking daartoe nie, want die deure van die vergaderplek by die vergadering van Sharpeville was oop vir almal. Daar was niemand gewees wat by die ingang gestaan het om mense nou te vra wie hulle is en waarvandaan hulle gekom het nie. Tweedens, die persoon het met die voorsitter Peter daar in verbinding getree en later het hy toe gaan praat. Ek het toe aanvaar dat hy die toestemming van die voorsitter gevra het.

Was dit nie tussen die drie van u, beskuldigde nr. 3, Hlubi en uself vooraf gereël dat beskuldigde nr. 1 van AZANYU af sal kom praat nie? -- Ek sal vra dat die advokaat vir die Staat mooi na my antwoord luister. Ek het hier gesê toe die vergadering begin het, was daar 'n gasspreker gewees. Dit was die enigste gasspreker wat voorgestel is voor hy 'n toespraak gelewer het.

Het u beskuldigde nr. 1 vantevore gedien? -- Nee, ek

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het hom vir die heel eerste keer gesien die dag en hom leer ken.

Wat was die hooftrekke van beskuldigde nr. 1 se toespraak? -- Ek het ŉ bietjie moeilik gehad om sy toespraak te volg. Die rede daarvoor was hy het ŉ baie moeilike Xhosa-taal gebesig. Van die bietjie wat ek kon volg, het ek die volgende daarvan uitgemaak, dat hy gepraat het van werklose persone wat vertraag word om ŉ blou kaart te bekom. Dit beteken die Unemployment Insurance Fund kaart. Hy het ook gepraat van die algemene verkoopsbelasting wat betaal word, dat dit vir mense moeilikheid veroorsaak in die sin, die bietjie geld wat ŉ mens verdien, as ŉ mens daarmee gaan koop, ŉ gedeelte daarvan word gespandeer op hierdie belasting, wat dan die geld minder maak vir jou om te spandeer. My opsomming van wat hy daar gesê het kortliks was dat hy bedoel het met al daardie probleme wat ons alreeds het met geld, word die verhoging op huur ook daar bygetel en maak dit moeiliker. Dit is hoeveel ek kan onthou.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 16 NOVEMBER 1987.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.